
# 420 Sing nou vrolik dankgesange




Ja, die Woord wat vlees geword het, bly nou hier benede;
en vir almal wat Hom aanneem, bring Hy lig en vrede.

***R.*** *Hy het in 'n stal kom woon, en 'n krippie is sy troon.*
*Soete trooster van ons harte, liewe Kind, teer bemind,*
*wees my vriend; laat my siel geluk en vrede by U vind.*

Daarom sing ons dankgesange en ons kom aanbiddend,
want die wêreld se verlange is nou in ons midde. ***R.***

Onbekend Onbekend.